# Die Realiteit van die Bybelse Profesieë

En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak
Joh 8 v 32
As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees
Joh 8 v 36

SOLI DEO GLORIA!!!
Ja waarlik aan ons Heilige Abba Vader, aan Heilige Jesus en aan die Heilige Gees al die lof en eer van ons harte
Amen en Amen!

**Kinders van ons Heilige en Almagtige Here, hoor dit vandag!!! Hierdie boodskap wat julle nou ontvang is seker die belangrikste een tot op datum!**

**en dit terwyl die mees primêre, Hemelse wederkoms tekens TANS reg onder ons almal se oë in Israel, die Midde Ooste en die Wêreld afspeel naamlik :-**

**Primêre teken No.1**

**Matthèüs 24 v 9 en Johannes 15 v 18**

**En julle (Israel) sal deur die HELE WÊRELD gehaat word!!! Gebeur dit tans???**

**Ja 1000X ja!!!**

# Primêre teken No. 2

**Jeremia 30 v 7 en Matthèüs 24 v 16-20**

**Wee, want die dag is GROOT, sonder WEERGA! En dit sal 'n tyd van BENOUDHEID wees vir Israel!!!**

**Is die hele Israel TANS in benoudheid???**
**Ja 1000X ja, behalwe dat hulle tans deur die HELE WÊRELD GEHAAT word, is hulle omrig deur vyandige Moslem lande**

**naamlik, Egipte, Jordanië, Sirië, Saudi Arabia en Libanon asook die miljoene Moslem Palestyne wat in Israel woon met net een groot begeerte naamlik -**

**Psalm 83 v 3-5!!! Want kyk, U vyande maak rumoer en U haters steek die hoof op. Teen U volk smee hulle listig 'n plan en hou onder mekaar raad, teen U**

verborgenes (Heilige God se verbondsvolk) Hulle sê :- Kom laat ons hulle vernietig dat hulle geen volk meer is nie, sodat aan die NAAM van ISRAEL nie meer gedink word nie!

# Primêre teken No.3

# Israel vier TANS hulle DIAMANT VERJAARDAG van 75 jaar, wat begin het op 14 Mei 1948 toe hulle as 'n soewereine staat onafhanklik geword

het en hulle as die "vyeboom" van Lukas 21 v 29-30 gebot het en nou op 14 Mei 2024 tot 'n einde kom, die volgende! Toe vertel Hy hulle 'n (profetiese) gelykenis; let op die "vyeboom" Israel en al die ander "bome" ander (geannekseerde) lande.

Net soos hulle bot
(onafhanklik) word, weet
julle vanself wanneer julle
dit sien dat die "somer"
('n metafoor)
van Heilige Jesus se
KOMS AL NABY IS!!!

# Primêre teken No.4

**Jeremia 8 v 11 en 1 Thessalonicense 5 v 3 :- Want wanneer hulle (die V.S.A. Washington en die United Nations in New York) sê VREDE EN VEILIGHEID (in Israel) DAN oorval 'n SKIELIKE VERDERF (verwoesting)**




**HULLE (wat dit sê, implimenteer en dit bevestig) soos die barendsnood 'n swanger vrou, en HULLE sal dit sekerlik nie ontvlug (vryspring) nie!!!**
**Halleluja!**
**Soli Deo Gloria!!!**

**Daarom kinders van ons Heilige Almagtige God, met die kritiek primêr genoemde profetiese tekens wat tans reg onder ons almal se oë afspeel luister nou na die mees KRITIEKE PROFETIESE DROOM BOODSKAPPE!!!**

waarmee Heilige Abba Vader my mee besoek het hierdie jaar 2024 vgs Joël 2 v 28-29 asook Handelinge 2 v 17-18. Hy het duidelik tydens gebed gesê ek moet dit terug hou tot en met Woensdag 1 Mei 2024

**waarna ek almal indringend moet inlig en waarsku!!! Die profesie van Joël 2 v 28-29 en Handelinge 2 v 18-19 meld dit uitdruklik dat Hy Sy profetiese diensknegte en diensmaagde in die laaste dae met**

# WARN THEM!

drome en gesigte sal en gaan besoek waarna hulle ander christene INDRINGEND moet inlig, bemoedig en moet waarsku! Daarom met dit in gedagte en in totale gehoorsaamheid aan Sy opdragte vertel ek die volgende :-

**Kritieke profetiese droom No.1**
**3vm op Woensdag 24 Januarie 2024.**
**(Let asb op dat al drie die drome was aan my gegee op ‘n Woensdag, dag 4 van die week wat 'n profetiese numeriese waarde van "volledig of volkome)**

Ek droom ek en baie mense staan op 'n groot oop stuk veld. Die hele lug is mooi egalig toegetrek met wolke. Skielik begin die mense vir my te sê; ”Kyk daar is 'n groot ronde gat in die wolke!”

**Ek kyk direk op, en terwyl ons almal dit sien verskyn daar 'n "abstrakte" diamant in die gat met sy voorste punt op “12uur”, soos op ‘n oorlosie reg Noord in die rigting van Israel.**


Terwyl ons almal dit sien
verskyn daar ‘n
"konkreet kap bytel" reg by
12uur en kap die laaste
"stukkies" profesieë daar oop
waarna alles verdwyn en ek
wakker word!

# My droom Woensdag oggend
# 24 Januarie 2024

## Israel

NOORD

12 uur

Beitel kap finale profetiese afwerking

Ronde gat in die wolke

ONS GROOT TEKEN

**Diamant**

Israel se diamant verjaar dag

14 Mei 1948 – 14 Mei 2024

75 jaar

Hul groot geskenk hul Messias die antichris

Joh 5 v 43

WES

9 uur

OOS

3 uur

6 uur

SUID

Die sirkel

Jesaja 29

Wee Arial – Arial stad waar Dawid laër opgeslaan het; laat julle feeste hul kringloop voltooi!!!

Die uitleg daarvan is glashelder; die hele krisis in Israel, die Midde Ooste en die wêreld sentreer rondom Heilige God se profetiese Woord en dat die tyd op is, en die MIDDERNAGTELIKE GEROEP van Matthèüs 25 v 6 baie naby is!

# Kritieke Profetiese droom No.2

**3uur vm. op Woensdag**

**3 April 2024. Ek droom ek is in massiewe groot vertrek met menig ander mense. Baie hoog bokant my is daar 'n PERSOON wat vgs die profesie van Matthèüs 25 v 6 uitroep en sê :-**

"En middernag is daar 'n geroep!!! - daar kom die Bruidegom, gaan uit Hom tegemoet!”


Hierdie woorde het Hy 'n tweede maal herhaal gevolg deur die volgende woorde;
“Moenie bekommerd wees nie, Hein van den Berg sal dit aan julle verduidelik, wat dit beteken!”

**Hierna het almal hulle hande in die lug opgesteek en begin juig en jubel, waarna ek wakker geword het.**
**(NB Die volledige verklaring hiervan nl. Die "MIDDERNAGTELIKE GEROEP")**

verskyn reeds volledig op Heilige Abba Vader se wêreldwye inligtings platform

www.bibleendtimeprophecy.com

onder LATEST NEWS

vir almal se aandag.

**Kritieke Profetiese Droom No.3 :-**

**3uur vm. op Woensdag 1 Mei 2024 droom ek, ek is saam met 'n klomp mense binne in 'n groot huis met baie groot vensters.**

Terwyl ons almal sit en gesels verskyn daar ewe skielik 'n massiewe donker swart storm met die donkerste onheilspellende wolke reg rondom ons

en begin dit alles om ons te vernietig, terwyl die mense angs bevange skreeu en rondhardloop en die storm bedaar eers nadat alles vernietig is!

Die volgende oomblik in die droom bevind ek my tussen baie mense wat in 'n massiewe groot gebou instap. Binne sien ek daar is verskeie trappe wat boontoe gaan. Ek klim daarmee op en op,

en hoe hoër ek opklim hoe mooier en duursamer is alles uitgelê en gemeubileer. Toe ek heelbo kom hoor ek 'n stem vir my sê; “Hierdie is die plek waar net die belangrikste wêreldleiers mag kom en ingaan.”

**Die volgende oomblik staan ek ver weg, op 'n afstand en beskou daardie massiewe groot gebou, en wat sou ek sien? Dis die wêreld bekende Amerikaanse "WITHUIS" in Washington,**

vanwaar daar op 'n daaglikse basis aan die Israelse Parlement, die Knesset en hul leiers voorgeskryf word wat hulle mag doen, en wat hulle nie mag doen nie!

**Terwyl Israel as Heilige God se uitverkore volk slegs by HOM moet HOOR en slegs SY BEVELE moet nakom en uitvoer!**

**KONKLUSIE :-**

**Daarom is dit so glashelder dat 'n kind van 6 jaar oud dit kan verstaan dat dit Heilige God se toorn en grimmigheid tans ten Hemele opwek,**

soos wat Jesaja 1 v 31, Jesaja 50 v 11, Daniel 7 v 4 en 1 Thessalonicense 5 v 3 reeds duisende jare gelede geprofeteer het, dat hierdie onheilige

**land wat ook die versamel plek is van alle wêreld leiers, nl. die United Nations te New York profeties totaal gaan verdwyn! Daarom net in drie woorde!!!**

**BYE, BYE AMERIKA!!!**

**Ten slotte:-**

**Geliefde en geseënde kinders van ons Heilige Liefling Abba Vader, ons Liefling komende Bruidegom, Heilige Jesus en ons Liefling Leidsman, die Heilige Gees -**

Die volgende - as een van
Sy begenadigde profetiese
eindtyd boodskappers,
reeds vanaf 1958,
wil ek hierdie inligting
as 'n saak van
UITERSTE DRINGENDHEID
op elkeen se hart

kom inbrand nl.
Heilige Abba Vader
alleen bepaal die dag
en die uur vir alles vgs
Mattèüs 24 v 36!
Dog, Hy het vir ons Sy
Heilige Gees gegee
vgs Joh 16 v 13 asook
die duidelikste tekens

**om op ag te gee. Daarom in Heilige Jesus se Naam, moenie uitstel nie! Moenie ‘n kans vat nie! Gebruik hierdie kosbare Hemelse inligting om self gereed te maak,**

om ander indringend te waarsku, intelig en te bemoedig - tyd is op, die wêreld (en Suid Afrika) verval tans teen 'n verbysterrende spoed in die grootste

krisis ooit nl. die GROOT VERDRUKKING
vgs Daniel 12 v 1 en Matthèüs 24 v 21.
Die hele wêreld is tans profeties
SKAAKMAT - alle gelowe,




net die christendom het 'n keuse vgs Johannes 14 v 6, die wegraping vgs Lukas 17 v 34-36 en 1 Thess 4 v 13-17, of die onbeskryflike smarte van die groot verdrukking

**Kind van ons Heilige God, 'n laaste groot waarskuwing is jy reeds versluier en mislei deur menige kerke se dogmatiese leerstellings?**

# Glo jy hulle verdraaide onware interpretasies van Heilige God se Woord bo dit wat in waarheid op die bladsye van jou eie (1933/53) onveranderde Heilige Bybel staan?

**Weet dit, dat indien jy wel skuldig is aan die bogenoemde, nadat jy HIERDIE gelees het, sal jy nooit, ooit vir ons Heilige God kan sê ----**

**EK HET DIT NIE GEWEET NIE!!!**

Baie sterkte, vasbyt, alles wat mooi is, wees wys, kies reg, waarsku ander vgs Daniel 12 v 3, Spreuke 11 v 23-25 en Matthèüs 24 v 45-47 en wees 'n wenner!!!
Soli Deo Gloria!!!
AAN HEILIGE ABBA VADER AL DIE EER!!!
AMEN!